

27 November

Skrifgedeelte: Openbaring 2:12-17
Fokusgedeelte: Openbaring 2:12, 17

Die wêreld is ons woning nie ...

Ons is in die wêreld, maar nie van die wêreld nie. Makliker gesê as gedoen. In Pergamus het die gemeente met drie sake te doen gekry wat hulle voor moeilike keuses geplaas het. Ten eerste was daar sterk aandrang op keiseraanbidding, tweedens op Zeus-aanbidding (troon van Satan) en derdens op die aanbidding van Asklepius, die sogenaamde god van medisyne met die slang as simbool. Om medisyne te ontvang, moes hulle offers bring aan Asklepius.

As Christus Hom openbaar as die Een wat die skerp, tweesnydende swaard in sy hand het, sny Hy dus na die lewe en die dood. Die afgode moet verwerp word en Hy alleen moet aanbid word. Te midde van 'n positiewe beoordeling is die probleem dat hulle die afstand tussen kerk en wêreld nie gehandhaaf het nie. Dit is wat die mense wat die leer van Bileam en die Nikolaïete aanhang geleer het. Moenie so eng wees nie. Ewe skielik is die Bybel nie meer so duidelik oor saamwoon en homoseksuele verhoudings nie. In Pergamus het die tug nie reg gefunksioneer nie, want die Woord as tweesnydende swaard is nie gebruik nie. Is dit nie tekenend van die hantering van die tug in ons gemeentes nie? Tug moet lei tot bekering, tot oorwinning oor die sonde. In Pergamus het die oorwinnaar twee beloftes ontvang:

- V
erborge manna: Teenoor die vleis van die afgode gee Christus verborge manna om deur die woestynreis van hierdie lewe die beloofde land in te gaan.
- S
pierwit klippe: Spierwit marmerklippe met sy naam daarop is aan die wenner van 'n wedloop gegee. So is daar vir ons die belofte dat ons oorwinnaars is.

Hierdie wêreld is nie ons woning nie, want as oorwinnaars ontvang ons nie aardse beloftes nie, maar die hemelse genade in Jesus Christus, die Woord wat vlees geword het.

Sing: Skrifberyming 40:1, 6, 7 (15-4)

Ds. PA Coetzee (Potchefstroom)